NATIONAL EDUCATION

OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA
OFFICIAL GAZETTE
OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

R0,30 — Maandag 16 April 1984 — **WINDHOEK** — Monday 16 April 1984 — No. 4891

INHOUD:

CONTENTS:

	Bladsy		*Page*
GOEWERMENTSKENNISGEWINGS		**GOVERNMENT NOTICES**	
No. AG. 55 Proklamering van 'n Plaaspad: Distrik Maltahöhe	2	No. AG. 55 Proclamation of Farm Road: District of Maltahöhe	2
No. AG. 56 Wysiging van Padverkeersregulasies	3	No. AG. 56 Amendment of Road Traffic Regulations	3
No. AG. 57 Wysiging van Werknemersregulasies op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling 1970	5	No. AG. 57 Amendment of Peri-Urban Development Board Employees Regulations, 1970	5
No. AG. 58 Wet op die Reëling van die toelating van persone tot die Republiek, 1972: Magtiging om sekere dokumente te onderteken	6	No. AG. 58 Admission of Persons to the Republic Regulations Act, 1972: Authorization to sign certain documents	6
ALGEMENE KENNISGEWINGS		**GENERAL NOTICES**	
No. 44 Munisipaliteit Swakopmund: Permanente sluiting van Straatgedeelte: Bismarckstraat	6	No. 44 Municipality of Swakopmund: Permanent closing of portion of street: Bismarck Street	6
No. 45 Wet op Vreemdelinge, 1937. Kennisgewing van voorgenome Vansverandering Nanuseb na Stevens	7	No. 45 Aliens Act 1937. Notice of change of surname Nanuseb to Stevens	7
No. 46 Munisipaliteit van Otjiwarongo: Permanente sluiting van 'n Gedeelte van 'n oop ruimte Erf 694 Otjiwarongo	7	No. 46 Municipality of Otjiwarongo: Permanent closing of a portion of an open space Erf 694 - Otjiwarongo	7
No. 47 Munisipaliteit Mariental: Wysiging van Dreinerings- en Rioleringsregulasies	8	No. 47 Municipality of Mariental: Amendment of Drainage and Sewerage Regulations	8
ADVERTENSIE	8	ADVERTISEMENT	8

Goewermentskennisgewings

kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

Government Notices

office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 55 1984

PROKLAMERING VAN 'N PLAASPAD: DISTRIK MALTAHÖHE

Hierby word -

(a) ingevolge artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), bekend gemaak dat die Ministersraad kragtens artikel 22(1)(b) van genoemde Ordonnansie die pad in die Bylae beskryf en aangetoon op sketskaart P1115 tot geproklameerde pad verklaar het; en

(b) ingevolge artikel 23(3) van genoemde Ordonnansie bekend gemaak dat die Ministersraad kragtens artikel 23(1)(d) van genoemde Ordonnansie die pad bedoel in paragraaf (a) tot plaaspad (nommer 801) verklaar het.

Genoemde sketskaart is gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, ter insae beskikbaar.

BYLAE

Van 'n punt (X op sketskaart P1115) op grootpad 36 op die plaas Gedeelte 1 van Neuhof Reserve 100 algemeen ooswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (X_1 op sketskaart P1115) op genoemde plaas; van daar algemeen noordwaarts oor die plaas Gedeelte 1 van Neuhof Reserve 100 tot op 'n punt (X_2 op sketskaart P1115) op genoemde plaas; van daar algemeen ooswaarts oor die plaas Gedeelte 1 van Neuhof Reserve 100 tot op 'n punt (X_3 op sketskaart P1115) op genoemde plaas; van daar algemeen noordwaarts oor die plaas Gedeelte 1 van Neuhof Reserve 100 tot op 'n punt (X_4 op sketskaart P1115) op genoemde plaas; van daar algemeen noordweswaarts oor die Gedeelte 1 van Neuhof Reserve 100 tot op 'n punt (F_1 op sketskaart P1115) op genoemde plaas; van daar algemeen noordnoordweswaarts oor die plaas Gedeelte 1 van Neuhof Reserve 100 tot op 'n punt (C_1 op sketskaart P1115) op genoemde plaas; van daar algemeen ooswaarts oor die plaas Gedeelte 1 van Neuhof Reserve 100 tot op 'n punt (C_2 op sketskaart P1115) op genoemde plaas; van daar algemeen oosnoordooswaarts en al meer ooswaarts oor die plase Gedeelte 1 van Neuhof Reserve 100 en Gedeelte 3 van Neuhof Reserve 100 tot op 'n punt (D op sketskaart P1115) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen suidooswaarts en al meer oossuidooswaarts oor die plaas Gedeelte 3 van Neuhof Reserve 100 tot op 'n punt

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 55 1984

PROCLAMATION OF A FARM ROAD: DISTRICT OF MALTAHÖHE

It is hereby made known -

(a) in terms of section 22(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), that the Council of Ministers has under section 22(1)(b) of the said Ordinance declared the road described in the Schedule and shown on sketch-map P1115 to be a proclaimed road; and

(b) in terms of section 23(3) of the said Ordinance that the Council of Ministers has under section 23(1)(d) of the said Ordinance delcared the road referred to in paragraph (a) to be a farm road (number 801).

The said sketch-map lies open to insepction at the office of the Secretary for Transport, Windhoek, during normal office hours.

SCHEDULE

From a point (X on sketch-map P1115) on main road 36 on the farm Portion 1 of Neuhof Reserve 100 generally eastwards across the said farm to a point (X_1 on sketch-map P1115) on the said farm; thence generally northwards across the farm Portion 1 of Neuhof Reserve 100 to a point (X2 on sketch-map P1115) on the said farm; thence generally eastwards across the farm Portion 1 of Neuhof Reserve 100 to a point (X_3 on sketch-map P1115) on the said farm; thence generally northwards across the farm Portion 1 of Neuhof Reserve 100 to a point (X_4 on sketch-map P1115) on the said farm; thence generally north-westwards across the farm Portion 1 of Neuhof Reserve 100 to a point (F_1 on sketch-map P1115) on the said farm; thence generally north-north-westwards across the farm Portion 1 of Neuhof Reserve 100 to a point (C_1 on sketch-map P1115) on the said farm; thence generally eastwards across the farm Portion 1 of Neuhof Reserve 100 to a point (C_2 on sketch-map P1115) on the said farm; thence generally east-north-eastwards and more and more eastwards across the farms Portion 1 of Neuhof Reserve 100 and Portion 3 of Neuhof Reserve 100 to a point (D on sketch-map P1115) on the last-mentioned farm; thence generally south-eastwards and more and more east-south-eastwards across the farm Portion 3 of Neuhof Reserve 100 to a point (D_1 on sketch-

(D_1 op sketskaart P1115) op genoemde plaas; van daar algemeen suidooswaarts oor die plaas Gedeelte 3 van Neuhof Reserve 100 tot op 'n punt (Y op sketskaart P1115) op die gemeenskaplike grens van genoemde plaas en die plaas Gedeelte 1 van Neuhof Reserve 100.

map P1115) on the said farm; thence generally south-eastwards across the farm Portion 3 of Neuhof Reserve 100 to a point (Y on sketch-map P1115) on the common boundary of the said farm and the farm Portion 1 of Neuhof Reserve 100.

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 56 1984

WYSIGING VAN PADVERKEERS-REGULASIES

Die Administrateur-generaal het kragtens artikel 165 van die Ordonnansie op Padverkeer 1967 (Ordonnansie 30 van 1967), die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 95 van 1967, soos gewysig, verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

BYLAE

1. Regulasie 44 word hierby gewysig deur subregulasie (2) deur die volgende subregulasie te vervang:

   "(2) 'n Ambulans of brandweertoerusting kan voorsien wees van 'n lamp of lampe wat 'n onderbroke rooi flikkerlig in enige rigting uitstraal.".

2. Regulasie 79 word hiermee herroep.

3. Regulasie 79A word hierby gewysig deur die volgende subregulasie daarby te voeg, terwyl die bestaande regulasie subregulasie (1) word:

   "(2) Die bestuurder van 'n motorfiets sien toe dat 'n passasier in of op sodanige motorfiets wat jonger as 14 jaar is aan die bepalings van subregulasie (1) voldoen.".

4. Regulasie 156 word hierby gewysig deur in subregulasie (1) die volgende paragraaf by te voeg:

   "(d) vir goudgeel verf, spesifikasie CKS - 279.".

5. Regulasie 157 word hierby gewysig deur subregulasie (2) deur die volgende subregulasie te vervang:

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 56 1984

AMENDMENT OF ROAD TRAFFIC REGULATIONS

The Administrator-General has under section 165 of the Road Traffic Ordinance, 1967 (Ordinance 30 of 1967), further amended the regulations promulgated under Government Notice 95 of 1967, as amended, as set out in the Schedule.

SCHEDULE

1. Regulation 44 is hereby amended by the substitution for subregulation (2) of the following subregulation:

   "(2) An ambulance or fire-fighting vehicle may be fitted with a lamp or lamps emitting an intermittently-flashing red light in any direction.".

2. Regulation 79 is hereby repealed.

3. Regulation 79A is hereby amended by the addition thereto of the following subregulation, the existing regulation becoming subregulation (1):

   "(2) The driver of a motor cycle shall ensure that any passenger in or on such motor cycle who is younger than 14 years complies with the provisions of subregulation (1).".

4. Regulation 156 is hereby amended by the addition to subregulation (1) of the following paragraph:

   "(d) for golden yellow paint, specification CKS - 279.".

5. Regulation 157 is hereby amended by the substitution for subregulation (2) of the following subregulation:

"(2) Behoudens die bepalings van hierdie Hoofstuk is die kleur van 'n stander of paal wat spesifiek vir die vertoning van 'n padverkeersteken opgerig word, waar die stander of paal -

(a) van staal is, grys;
(b) van hout is, die kleur van die hout soos behandel;
(c) van beton is, die natuurlike kleur van die beton.".

"(2) Subject to the provisions of this Chapter, the colour of a standard or post specifically erected for the display of a road traffic sign shall, where the standard or post is -

(a) of steel, be grey;
(b) of wood, be the colour of the wood as treated;
(c) of concrete, be the natural colour of the concrete.".

6. Regulasie 169 word hierby gewysig deur paragraaf (1) onder die opskrif "RS1 - Robot:" deur die volgende paragraaf te vervang:

"(1) In die geval van 'n robot word die stander of paal goudgeel geverf.".

6. Regulation 169 is hereby amended by the substitution for paragraph (1) under the heading "RS1 - Robot:" of the following paragraph:

"(1) In the case of a robot, the standard or post shall be painted golden yellow.".

7. Regulasie 182 word hierby gewysig deur die volgende voorbehoudsbepaling daarby te voeg:

": Met dien verstande dat waar, in 'n vervolging weens 'n oortreding van regulasie 79A(2), die hof oortuig is dat die beskuldigde alle redelike stappe gedoen het om die pleging van die oortreding te voorkom, die beskuldigde nie aldus skuldig bevind word nie.".

7. Regulation 182 is hereby amended by the addition thereto of the following proviso:

"Provided that where, in a prosecution for a contravention of regulation 79A(2), the court is satisfied that the accused took all reasonable steps to prevent the commission of the offence, the accused shall not be so convicted.".

8. Bylae 2 word hierby gewysig deur reëlings in "RS1" deur die volgende reëlingsein te vervang:

8. Schedule 2 is hereby amended by the substitution for regulatory signal "RS1" of the following regulatory signal:

"RS1



ROBOT MET ALTERNATIEWE
POSISIES VIR PYLLENSE
ROBOT WITH ALTERNATIVE
POSITIONS FOR ARROW LENSES



9. Enige stander of paal wat voor die datum van inwerkingtreding van hierdie Kennisgewing vir die vertoning van 'n padverkeersteken opgerig is en wat geldiglik opgerig sou gewees het indien hierdie Kennisgewing nie verorden is nie, word vir 'n tydperk van 5 jaar vanaf sodanige datum geag geldiglik opgerig te wees.

9. Any standard or post erected for the display of a road traffic sign prior to the date of the coming into operation of this Notice and which would have been validly erected had this Notice not been enacted shall, for a period of 5 years from such date, be deemed to be validly erected.

DEPARTEMENT VAN OWERHEIDSAKE

No. AG. 57 1984

WYSIGING VAN WERKNEMERS-REGULASIES OP DIE RAAD VIR BUITE-STEDELIKE ONTWIKKELING 1970

Die Administrateur-generaal het kragtens artikel 40 van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970), die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 163 van 1970, soos gewysig, verder gewysig deur in regulasie 50(1) die woorde "of sodra 'n vroulike werknemer kennis gee van haar voorneme om in die huwelik te tree" te skrap.

DEPARTMENT OF GOVERNMENTAL AFFAIRS

No. AG. 57 1984

AMENDMENT OF PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD EMPLOYEES REGULATIONS, 1970

The Administrator-General has under section 40 of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970), further amended the regulations promulgated under Government Notice 163 of 1970, as amended, by the deletion in regulation 50(1) of the words "or immediately after a female employee has given notice of her contemplation of marriage".

DEPARTEMENT VAN BURGERSAKE EN MANNEKRAG

No. AG. 58 1984

WET OP DIE REËLING VAN DIE TOELATING VAN PERSONE TOT DIE REPUBLIEK, 1972: MAGTIGING OM SEKERE DOKUMENTE TE ONDERTEKEN

Kragtens artikel 53(2) van die Wet op die Reëling van die Toelating van Persone tot die Republiek, 1972 (Wet 59 van 1972), magtig ek hierby die ondergenoemde beamptes, synde amptenare in die regeringsdiens, om 'n bevel, lasbrief, permit, sertifikaat of ander dokument wat kragtens genoemde Wet uitgereik kan word, te onderteken:

Roelof Cornelius Lindeque
Jan Hendrik van Zyl
Maria Aletha Olivier
Franz Jacobus Jooste
Jacobus Frederik de Jager
Nicolaas Francois Schoombee.

W.A. VAN NIEKERK
Administrateur-generaal Windhoek, 16 Maart 1984

DEPARTMENT OF CIVIC AFFAIRS AND MANPOWER

No. AG. 58 1984

ADMISSION OF PERSONS TO THE REPUBLIC REGULATION ACT, 1972: AUTHORIZATION TO SIGN CERTAIN DOCUMENTS

Under section 53(2) of the Admission of Persons to the Republic Regulation Act, 1972 (Act 59 of 1972), I hereby authorize the undermentioned officers, being officers in the government service, to sign any order, warrant, permit, certificate or other document which may under the said Act be issued:

Roelof Cornelius Lindeque
Jan Hendrik van Zyl
Maria Aletha Olivier
Franz Jacobus Jooste
Jacobus Frederik de Jager
Nicolaas Francois Schoombee.

W.A. VAN NIEKERK
Administrator-General Windhoek, 16 March 1984

Algemene Kennisgewings

No. 44 1984

MUNISIPALITEIT SWAKOPMUND

PERMANENTE SLUITING VAN STRAATGEDEELTE: BISMARCKSTRAAT

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 183(1)(b)(ii) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) soos gewysig, dat die Munisipaliteit Swakopmund van voorneme is om 'n sekere gedeelte van Bismarckstraat soos aangedui op plan nr N 8/10/2/19 wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsklerk ter insae lê, permanent te sluit.

Besware teen die voorgenome sluiting moet binne dertig (30) dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Administrateur-generaal en die Stadsklerk bestel word.

General Notices

No. 44 1984

MUNICIPALITY OF SWAKOPMUND

PERMANENT CLOSING OF PORTION OF STREET: BISMARCK STREET

Notice is hereby given in terms of Section 183(1)(b)(ii) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) as amended, that the Municipality of Swakopmund proposes to close permanently certain portion of Bismarck Street as Indicated on plan N 8/10/2/19 which lies for inspection during office hours at the office of the Town Clerk.

Objections to the proposed closing are to be served on the Administrator-General and the Town Clerk within thirty (30) days from the date of publication of this notice.

No. 45 1984

DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937

KENNISGEWING VAN VOORGENOME VANSVERANDERING

Ek, Eddie Edward Nanuseb woonagtig te Windhoek wat sake doen/werksaam is as Admin. Assist. Departement Ekonomiese Sake is voornemens om by die Minister van Binnelandse Aangeleenthede aansoek te doen om magtiging kragtens artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937, om die van Stevens van my pa aan te neem om die volgende redes: Soos per aanhangsel A.

Ek het voorheen die name gedra van Eddie Edward Nanuseb.

Ek is voornemens om ook aansoek te doen om magtiging om die van van my eggenote: Ongetroud, en minderjarige kind(ers): Geen te verander in:

Enigeen wat daarteen beswaar het dat ek/ons bovermelde van Stevens aanneem, moet sy beswaar, met vermelding van redes daarvoor, so gou moontlik skriftelik by die Landdros van Windhoek indien.

(Geteken) E.E. Nanuseb

Datum 10-02-1984

AANHANGSEL A

Name van aansoeker: Edward Eddie
VAN: Nanuseb.
Van van pa: Stevens. Ras Kleurling.
Van van Ma: Nanuseb. Ras Damara.
Van waarvoor aansoek gedoenword: Stevens.
REDES:
1. Ek is buite-egtelik gebore.
2. Ek dra dus my ma se van.
3. My ma is dood toe ek baie jonk was.
4. My pa het my groot gemaak.

THE ALIENS ACT, 1937

NOTICE OF INTENTION OF CHANGE OF SURNAME

I, Eddie Edward Nanuseb residing at Windhoek an carrying on business/employed as Admin. Assist. Departement Ekonomiese Sake intend applying to the Minister of Internal Affairs for authority under section 9 of the Aliens Act, 1937, to assume the surname Stevens for the reasons that, see annexure A.

I previously bore the names Eddie Edward Nanuseb.

I intend also applying for authority to change the surname of my wife: unmarried an minor child(ren): N.A. to N.A.

Any person who objects to my assumption of the said surname of Stevens should as soon as may be lodge his objection, in writing, with a statement of his reasons therefor, with the Magistrate of Windhoek.

(Signed) E.E. Nanuseb
Date: 10-02-1984

No. 46 1984

MUNISIPALITEIT VAN OTJIWARONGO

PERMANENTE SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN 'N OOP RUIMTE ERF 694 OTJIWARONGO

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 183(1)(b)(ii) van die Munisipale Ordonnansie, 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) dat die Stadsraad voornemens is om 'n gedeelte van erf 694 aangrensend aan erwe 550 en

No. 46 1984

MUNICIPALITY OF OTJIWARONGO

PERMANENT CLOSING OF A PORTION OF AN OPEN SPACE ERF 694 - OTJIWARONGO

Notice is hereby given in terms of section 183(1)(b)(ii) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) that the Town Council proposes to close permanently a portion of erf 694 adjoining erven 550 and 1072 and to consolidate it

1072 permanent te sluit en met erwe 550 en 1072 te konsolideer. Die voorgestelde sluiting word aangedui op 'n plan wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsklerk ter insae lê.

Besware teen die voorgestelde sluiting moet, ingevolge artikel 183(3) van genoemde ordonnansie, binne dertig (30) dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Administrateur-generaal bestel word.

with erven 550 and 1072. The proposed closing is indicated on a plan which is open for inspection in the office of the Town Clerk during normal office hours.

Objections in terms of section 183(3) of the said Ordinance to the proposed closing are to be served on the Administrator-General within thirty (30) days from the date of publication of this notice.

No. 47 1984

MUNISIPALITEIT MARIENTAL: WYSIGING VAN DREINERINGS- EN RIOLERINGS-REGULASIES

Die raad van die Munisipaliteit Mariental het kragtens artikel 242 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 200 van 1978, gewysig deur in die Bylae daarby in subitems (i) en (ii) van Item (2) van Tarief D die bedrae "R5,00" en "R8,00" deur, onderskeidelik, die bedrae "R10,00" en "R16,00" te vervang.

Genoemde wysigings is deur die Administrateur-generaal goedgekeur kragtens artikel 243 van genoemde Munisipale Ordonnansie 1963.

No. 47 1984

MUNICIPALITY OF MARIENTAL: AMENDMENT OF DRAINAGE AND SEWERAGE REGULATIONS

The council of the Municipality of Mariental has under section 242 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), amended the regulations promulgated under Government Notice 200 of 1978, by the substitution in the Schedule thereto in subitems (i) and (ii) of the Item (2) of Tariff D for the amounts "R5,00" and "R8,00" of the amounts "R10,00" and "R16,00", respectively.

The said amendments have been approved by the Administrator-General under section 243 of the said Municipal Ordinance, 1963.

MUNISIPALITEIT VAN OTAVI

MUNISIPALE TUSSENVERKIESING: 26 MAART 1984 VERKIESINGSUITGAWES

Ingevolge die bepalings van Artikel 81 en 86 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 12 van 1963) word die volgende besonderhede verstrek van verkiesingsuitgawe, bewysstukke ten opsigte waarvan gedurende kantoorure vir 'n periode van drie maande vanaf datum van hierdie publikasie ter insae sal lê aan die kantoor van die ondergetekende, Munisipale Gebou, Otavi

Kandidaat	Uitgawehoofde	Bedrag
C.J. van Zyl	8/2/32	Nul
F.T. Hirsch	8/2/32	Nul

J.A. Van Vuuren
KIESBEAMPTE

MUNICIPALITY OF OTAVI

MUNICIPAL BY-ELECTION: 26 MARCH 1984 ELECTORAL EXPENSES

In terms of the provisions of Sections 81 and 86 of the Municipal Ordinance 1963 (Ordinance 13 of 1963) the following particulars of electoral expenses, returns and vouchers in respect of which will be kept open for public inspection at the office of the undersigned, Municipal Building, Otavi during office hours for a period of three months from date of this publication, are published herewith.

024Candidate	Expense Headings	Amount
C.J. van Zyl	8/2/32	Nul
F.T. Hirsch	8/2/32	Nul

J.A. van Vuuren
ELECTORAL OFFICER